



# PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

H/V Paul Kruger en Ross str, Universitas, Bloemfontein  
Tel. : (051) 522 1371  
www.tjokkies.co.za

Uitgawe 4/3/2020

28 Aug 2020

## Uit die Kantoor ...

Die winter is byna verby en so ook die maand Augustus. 'n Maand waarin daar hulde gebring is aan die vroue van ons land. Ons as manne wil graag vir oulaas vir ons mammas, oumas, eggenote, dogters en ook onderwyseresse baie dankie sê vir die ongelooflike werk wat julle doen. Dankie vir die "sagter" manier van optree. Dankie dat julle balans in die lewe bring. Ek het net weer besef, veral in die tyd waarin ons nou is, dat vroue baie meer hooi op hulle vurke kan hanteer as manne. Manne, waardeur die vroue in jul lewe en sê ook dit vir hulle in woorde.

## Higiëne en algemene reëlins

Ons merk op dat sommige leerders se maskers baie vuil is en nie gereeld gewas word nie. Ek doen 'n beroep op ouers om asb. toe te sien en te kontroleer dat kinders daaglik skoon klere sal dra, maskers gereeld geruil sal word met skoon maskers en dat hul skanderingskaartjie voltooi sal wees. Ons merk ook op dat daar heelwat kinders is wat laat is vir skool. Ons besef dat as gevolg van die versteurde roetines, leerders en ouers sukkel om weer gewoon te raak aan die roetine, maar dis u as ouers se plig om toe te sien dat leerders betyds by die skool afgelaai sal word. Ouers moet ook nie onnodig hul kinders tuis

hou nie. Daar word nou hard akademies gewerk en ons is bang leerders raak agter. Baie dankie aan die ouers wat getrou by hierdie reëling hou.

## Somersdrag

Ek het in verlede week se nuusbrief genoem dat daar tradisioneel vanaf 1 September oorgeskakel word na somersdrag. Ons het as gevolg van Covid-19 en die koue winter die vergunning gemaak dat leerlinge gedurende die wintermaande met sweetpakke skool toe kon kom. Ons ontvang nou versoeke van ouers dat daar vir die res van die jaar met sportklere skool toe gekom moet word. Ongelukkig kan ons dit nie toelaat nie. Leerders moet steeds leer om hul skooldrag te respekteer en dit skep 'n gevoel van samehorigheid en selftrots wat belangrik is in die ontwikkeling van 'n kind. Ons wil dit nie graag laat verlore gaan nie.

Die volgende uitsonderings word wel toegelaat vir die res van die jaar:

\*Leerders mag steeds op Vrydae hul feeshemp saam met 'n navy sportbroekie (seuns) of denimbroek (dogters) dra. Tekkies en netjiese plakkies is ook toelaatbaar vir dogters.

\*Dae wanneer klasse liggaamlike opvoeding het, kan sportklere gedra word.

\*Spesiale uitsondering vir Gr. 7-leerders wie se skoolklere te klein is, kan met 'n toestemmingsbrief van die hoof sportklere dra vir die res van 2020.

**NB:** Indien dit egter vir die volgende twee weke baie koud gaan wees, kan leerders steeds tot 15 September met sweetpakke skool toe kom.

## KENNISGEWING

Universitas, as buurt, het behoorlik onder misdaad deurgeloop die afgelope tyd. Die skool is ook nie uitgesluit hiervan nie. As voorkomende veiligheidsmaatrêel sal die ingangshek in Paul Krugerstraat (hek 5) op aanbeveling van die sekuriteitsfirma nou permanent gesluit word. Ouers moet dus kennis neem dat dit nie meer in die toekoms gebruik sal word nie.

## VCSV

VCSV begin weer op Woensdag, 2 September. Juf. Liezl Hiten nooi alle leerlinge van Gr. 3-7 om op Woensdae, gedurende langpouse, die Here te kom dien in die saal.

Tjokkies  
**50**  
JAAR 2020

Groepgroottes sal steng gemonitor word en sosiale distansiëring sal toegepas word.

### Nalatenskap

Graad 7-ouers moet kennis neem van 'n belangrike inligtingsbrief van die ouerkomitee rakende 'n fondsinsamelingsgeleentheid waarby u betrokke kan raak. U kind sal dit binnekort ontvang.

### VERJAARSDAE:

Die volgende personeel verjaar in die komende week. Baie geluk!

**30 Aug.** Mnr. Nicolaas Slabbert (Gr. 7)

Elke leerder betaal slegs R5 vir die voorreg om sportklere te dra, maar elke kind sal ook 'n verrassing ontvang. Foto's sal deur die vieringe geneem word.

Betaling geskied deur Karri of per EFT. Gebruik asb. u kind se voorletter, van en klas as verwysing. (Bv. S. Marais 4C)

**TSA**  
Elite Pro Tennis Academy  
Excelling beyond perfection

# TENNIS COACHING

FOR KIDS AND ADULTS

Individual Sessions - fast track progress

Semi-Individual 30min- R850\*  
-Sign up with partner

Groups & Squads

Junior Socials

VENUE  
MUDDPLEIN TENNIS CLUB

SPONSORS  
**Wilson**

CONTACT  
072 881 0940 / 073 623 4865  
eliteprotennis@gmail.com

COVID-19 LICENSE APPROVED

\*Prices are subject to change. Displayed are 2020 prices.

# TREK JOU SPORTKLERE AAN

GROEP 1 – 4 SEPTEMBER

GROEP 2 – 28 AUGUSTUS

RESPEK OMGEE NET MY BESTE

GELOOF VERANTWOORDELIKHEID

R5

“Olympies”

## SPRING-OLYMPICS

Ons gaan ons eie Olimpiese Spele aanbied om die koms van lente te vier!

Die vieringe sal op twee dae plaasvind om albei groepe te akkommodeer. Vrydag, 28 Augustus, kan die leerders van Groep 2 hul Olimpiese drome uitleef, terwyl dieselfde vieringe vir Groep 1-leerders op Vrydag, 4 September, gaan plaasvind.

*Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.*

